# Bydraende faktore tot die vorming van die Christelike identiteit van ’n hoëronderwysinstelling: ’n Reformatoriese perspektief

*Dr. Morne Diedericks*
*morne.diedericks@aros.ac.za*

*Prof. Charl Wolhuter*
*charl.wolhuter@gmail.com*

*Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies*
*Pretoria*

### Erkenning

Die outeurs betuig graag hiermee hulle dank teenoor die PUK-Kanselierstrust vir finansiële steun tot die navorsingsprojek.

## Opsomming

*Hierdie artikel is die derde deel van ’n navorsingsprojek wat die stand van Christelike hoër onderwys in Suid-Afrika ondersoek. Die eerste deel het ’n wêreldwye oorsig van Christelike hoër onderwys gebied, terwyl die tweede deel Christelike hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika deur ’n data-analise geïdentifiseer het. Hierdie artikel fokus op die faktore wat tot die vorming van die Christelike identiteit van hoëronderwysinstellings vanuit ’n Reformatoriese perspektief bydra.*

*Christelike hoër onderwys het ’n lang geskiedenis en het wêreldwyd gegroei, veral in Suid-Amerika, Asië en Afrika. Talle universiteite wat as Christelik gestig is, het oor tyd gesekulariseer, terwyl ander hul Christelike identiteit behou of dit selfs versterk het. Hierdie navorsing het gepoog*

*om vas te stel wat ’n hoëronderwysinstelling Christelik maak en watter faktore tot die behoud of verlies van hierdie identiteit bydra.*

*’n Kwalitatiewe navorsingsontwerp is gebruik, en data is geanaliseer deur middel van tematiese analise van sleutelwerke oor die faktore wat tot die behoud van Christelike identiteit in hoëronderwysinstellings bydra. Die analise het ses hoofbydraende faktore geïdentifiseer: die wyse waarop personeel en leierskapsfigure binne die instelling aangestel word, die gesagstrukture waarbinne die instelling verantwoording doen, die rol van begrondingsdokumente soos geloofsverklarings, die wetenskapsbeskouing van die instelling en sy verband met die geloofsverklaring, die publieke retoriek en simboliek van die instelling, die wyse waarop studente toegelaat word, asook die studentgesentreerdheid van die instelling. Deur aandag aan hierdie geïdentifiseerde faktore te skenk, kan daar te midde van sekulariseringsdruk verseker word dat die identiteit van ’n Christelike hoëronderwysinstelling versterk en uitgebou word.*

## Abstract

*This article is the third part of a research project investigating the state of Christian higher education in South Africa. The first part provided a global overview of Christian higher education, while the second part identified Christian higher education institutions in South Africa through data analysis. This article focuses on the factors contributing to forming the Christian identity of higher education institutions from a Reformed perspective.*

*Christian higher education has a long history and has grown globally, particularly in South America, Asia, and Africa. Many universities founded as Christian institutions have secularised over time, while others have maintained or even strengthened their Christian identity. This research seeks to determine what makes a higher education institution Christian and what factors contribute to the retention or loss of this identity.*

*A qualitative research design was used, and data was collected by means of thematic analysis of key works on the factors contributing to the retention of Christian identity in higher education institutions. The analysis identified six main contributing factors: the way personnel and*

*leadership figures are appointed, the authority structures within which the institution is accountable, the role of foundational documents such as faith statements, the institution's view of science and its relationship to the faith statement, the public rhetoric and symbolism of the institution, the way students are admitted, as well as the student-centredness of the institution. By paying attention to these identified factors, it is possible to ensure that the identity of a Christian higher education institution is strengthened and developed amidst the pressures of secularisation.*

***Trefwoorde***

**Christelike hoëronderwysinstellings; Christelike identiteit; Christelike universiteite; sekularisering; soewereiniteit in eie kringe**

***Keywords***

**Christian higher education institutions; Christian identity; Christian universities; secularisation; sphere sovereignty**

## Navorsingsvraag

Hierdie artikel vorm deel van 'n navorsingsprojek wat die stand van Christelike hoër onderwys in Suid-Afrika ondersoek.[1] Die eerste deel van die projek het die stand van Christelike hoër onderwys wêreldwyd gepeil (Wolhuter & Diedericks, 2024). Die tweede deel van die projek was gerig op die identifisering van Christelike hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika deur middel van dokumentanalise (Diedericks & Wolhuter, 2024). Hierdie artikel vorm die derde deel van die projek.

Die verskynsel van Christelike hoër onderwys wêreldwyd is nie 'n vreemde gedagte nie. Deur eeue heen het daar talle Christelike universiteite tot stand gekom, met 'n duidelike toename van Christelike hoëronderwysinstellings in kontinente soos Suid-Amerika, Asië en Afrika (Glanzer, 2017:23). Glanzer, Carpenter en Lantinga (2011:730) bereken byvoorbeeld 'n toename van 66 Christelike hoëronderwysinstellings in Afrika tussen die tydperk 1940 tot 2009. Talle van hierdie instellings is reeds verby hul vestigingstydperk en word vandag as volwaardige universiteite geïdentifiseer wat 'n invloedryke rol binne die lande speel waarin hulle gestig is.

1 https://pubs.ufs.ac.za/index.php/tcw/article/view/1645 asook https://pubs.ufs.ac.za/index.php/tcw/article/view/1654

In die eerste twee artikels van die projek is gefokus op instellings wat hulle as Christelik identifiseer. Hierdie selfidentifikasie geskied byvoorbeeld deur die instelling se visie- en missiestellings, selfidentifikasie op hul webblaaie of bloot die feit dat die instellings hulle as Christelik in hul name identifiseer. Verskeie akademiese literatuur oor Christelike hoër onderwys toon egter die volgende aan: Nie alle hoëronderwysinstellings wat in hul leuse, visie en missie of selfs hul naam die term ‘Christelik’ bevat of na die Christelike tradisie verwys, kan as Christelik beskou word nie (Arthur, 2008:197). Verder is dit ook vanuit die geskiedenis van Christelike hoër onderwys bekend dat talle prominente wêreldbekende universiteite in die eietydse samelewing aanvanklik as Christelike universiteite gestig is, maar dat die instellings vandag nie meer Christelik is nie. Sommige het dalk nog ‘Christelik’ of ’n Christelike denominasie as deel van hul naam, maar in die praktyk het hulle wegbeweeg van ’n Christelike lewensbeskoulike basis of grondmotief (Van der Walt, 2013:3).

Vele navorsing, veral binne die Amerikaanse hoëronderwyskonteks, is uitgevoer om te bepaal wat met Christelike hoëronderwysinstellings gebeur het wat vandag nie meer Christelik is nie (Marsden, 1994:6; Burtchaell, 1998:35; Karlsohn, 2017:36; Schmalzbauer & Mahoney, 2018:12)). Hughes en Adrian (1997:1) toon aan hoe talle Christelike hoëronderwysinstellings in die Verenigde State van Amerika gestig is, wat uiteindelik hul Christelike identiteit in belang van ’n suiwer verligtingsgebaseerde soeke na waarheid laat vaar het. Soortgelyke bevindings is later bevestig deur Schmalzbauer en Mahoney (2018:22), wat wys hoe sekularisering steeds ’n aktuele werklikheid is vir Christelike instellings, alhoewel sommige universiteite steeds probeer om hul geloofstradisies te behou. Marsden (2021:5) beklemtoon dat sekularisering in Christelike hoëronderwys vandag ’n meer genuanseerde proses is, waar sommige instellings hul geloofsidentiteit in nuwe vorme herdefinieer eerder as om dit heeltemal te laat vaar. Hughes en Adrian (1997:2) verduidelik dat daar ’n duidelike historiese trajek is wat op die stigtingsbedoeling van die verskillende Christelike hoëronderwysinstellings dui, wat dan ook aandui hoe die instellings oor verloop van tyd gesekulariseer het. Volgens Smith en Lantinga (2020:14) het sommige Christelike universiteite egter teen die verwagte sekulariserings neiging in beweeg deur strategiese alliansies met denominasies of evangeliese netwerke te vorm om hul identiteit te versterk.

Daar is egter ook Christelike instellings soos Wheaton College wat in hul Christelike identiteit vanaf een Christelike denominasie (Wesleyaans) na ’n ander Christelike denominasie (Reformatories) oorgeskuif het (Hughes & Adrian, 1997:3). Hierdie tipe aanpassings word ook in onlangse navorsing genoem, soos gesien by Longman en Newton (2022:18), wat ondersoek hoe

sommige Christelike universiteite nuwe maniere vind om hul geloof te behou in ŉ veranderende akademiese omgewing.

In die lig van Christelike hoëronderwysinstellings se stelselmatige groei die afgelope dekade in Suid-Afrika (Diedericks & Wolhuter, 2024) behoort die volgende vraag vir Christelike hoëronderwysinstellings van belang te wees. Christelike hoëronderwysinstellings wat nie graag die pad van talle voormalige Christelike instellings wil loop nie, behoort belang te hê by faktore wat tot die versterking van ŉ Christelike hoëronderwysinstelling se Christelike identiteit bydra. Vrae wat hierdie navorsing poog om te antwoord, sluit onder andere die volgende sub-navorsingsvrae in: Wat is die kriteria waarvolgens ŉ hoëronderwysinstelling as Christelik beskou kan word, en wanneer sou dit nie meer die geval wees nie? Watter faktore het bygedra tot die sekularisering van voormalige Christelike hoëronderwysinstellings? Watter faktore dra by tot die versterking en behoud van die Christelike identiteit van Christelike hoëronderwysinstellings? Teen hierdie agtergrond is die hoofnavorsingsvraag van hierdie artikel: Watter faktore kan geïdentifiseer word as bydraende faktore tot die vorming van die Christelike identiteit van ŉ hoëronderwysinstelling? Binne die konteks van die huidige projek en die stand van Christelike hoër onderwys in Suid-Afrika is die bevindinge van hierdie navorsing baie relevant.

## Metodologie

Om bydraende faktore tot die vorming van die Christelike identiteit van ŉ hoëronderwysinstelling te identifiseer, is ŉ kwalitatiewe navorsingsontwerp gevolg. Data is geanaliseer deur die uitvoering van ŉ tematiese analise op kernwerke wat oor die behoud van Christelike identiteit binne Christelike hoëronderwysinstellings handel. Vier kernwerke is gebruik vir die tematiese analise. ŉ Agtergrond van elke studie word ter inleiding van elke studie gebied met die doel om die belangrikheid en geskiktheid van elke studie vir hierdie spesifieke navorsing uit te lig Die volgende vier werke is gebruik vir die tematiese analise: *The dying of the light: The disengagement of colleges and universities from their Christian churches* (Burtchaell, 1998), *Models for Christian higher education: Strategies for success in the twenty-first century* (Hughes & Adrian, 1997), *Quality with soul: How six premier colleges and universities keep faith with their religious traditions* (Benne, 2001), asook *The university and its basis* (Van Riessen, 1997).

In elke werk is die tema van bydraende faktore tot die vorming van die Christelike identiteit van ŉ hoëronderwysinstelling vanuit elke studie

geïdentifiseer, gekategoriseer en dan op ’n sistematiese wyse aangebied. Dit is gedoen aan die hand van Maree (2022:136-140) se voorstelling vir ’n tematiese analise.

Die navorsing is vanuit ’n Reformatoriese perspektief ontleed. Hierdie perspektief vind sy grondslag in die Skrif en word verder ontwikkel deur die Reformatoriese tradisie, soos vergestalt in die denke van figure soos Johannes Calvyn en latere neo-Calvinistiese denkers. Vanuit hierdie raamwerk word die universiteit nie as ’n neutrale instelling beskou nie, maar as ’n instelling wat onontkombaar deur ’n bepaalde wêreldbeskouing gevorm word. Die Reformatoriese denke beklemtoon die soewereiniteit van God oor alle terreine van die lewe, insluitend die akademie, en stel dat kennis nie losgemaak kan word van ’n onderliggende religieuse oriëntasie nie.

Om hierdie perspektief toe te lig, is *The University and Its Basis* (Van Riessen, 1997) as primêre bron ondersoek. Hendrik van Riessen was ’n Reformatoriese denker wat die aard van die Christelike identiteit van die universiteit krities bestudeer het. Sy werk bou voort op die insigte van Reformatoriese denkers soos Herman Dooyeweerd en D.H.Th. Vollenhoven, wat die rol van grondmotiewe in akademiese denke beklemtoon het. Van Riessen argumenteer dat ’n universiteit se identiteit fundamenteel bepaal word deur die basiese geloofsoortuigings wat sy epistemologie, metodologie en institusionele praktyke onderlê.

Teen hierdie agtergrond is ’n beoordeling en bespreking gebied van die faktore wat tot die vorming van die Christelike identiteit van ’n hoëronderwysinstelling bydra. Hierdie beoordeling en bespreking is saamgestel uit die verskillende werke wat in die studie behandel is, met spesifieke klem op hoe ’n Christelike hoëronderwysinstelling sy akademiese en institusionele praktyke kan rig binne ’n Reformatoriese raamwerk.

# 1. James Burtchaell: *The dying of the light* (2001)

## *1.1 Agtergrond*

James Burtchaell se boek, *The Dying of the Light: The Disengagement of Colleges and Universities from Their Christian Churches* (1998), bied ’n diepgaande ondersoek van 17 Christelike hoëronderwysinstellings en die proses waardeur hierdie instellings hul oorspronklike geloofsidentiteit verloor het. Die boek ondersoek hoe talle van hierdie instellings, wat aanvanklik deur verskeie Christelike denominasies gestig is, oor tyd sekulariseer en hul band met hul stigtingstradisies verbreek het. Burtchaell gebruik ’n sterk

retoriese styl met die doel om Christelike hoëronderwysinstellings terug te roep na hul oorspronklike stigtingsdoel (Jordahl, 1998:248). Sy studie dek ’n verskeidenheid denominasies, begin by die Kongregasionaliste en uitbreidend na die Presbiteriane, Lutherane en ander. ’n Belangrike fokus van die boek is die rol van die Rooms-Katolieke Kerk, wat volgens Burtchaell (1998:45) moontlik die laaste hoop vir ’n lewensvatbare akademies-Christelike hoëronderwysstelsel kan wees.

’n Sleutelbydrae van Burtchaell se werk is sy gedetailleerde ontleding van hoe spesifieke Amerikaanse universiteite, soos Harvard University, Yale University en Duke University, oor tyd hul Christelike identiteit verloor het. Hierdie instellings, wat aanvanklik diep gewortel was in Christelike tradisies en kerkverbintenisse, het geleidelik ’n meer sekulêre akademiese benadering aanvaar. Burtchaell dokumenteer hoe hierdie proses plaasgevind het en bied ’n kritiese perspektief op die faktore wat tot hierdie transformasie gelei het. Sy analise bied ’n belangrike vergelykingspunt vir die studie van Christelike hoër onderwys in ander lande, insluitend Suid-Afrika, waar soortgelyke uitdagings rakende geloofsgetrouheid en sekularisering ook na vore kom. Hoewel Burtchaell (1998:45) ’n sombere blik op hierdie tendens bied, poog hy ook om ’n hoopvolle perspektief te gee op die uitdagings en moontlike toekomsrigtings vir Christelike hoër onderwys. Alhoewel die boek deur sommige as negatief beskou kan word (Jordahl, 1998:250), bly dit ’n waardevolle bydrae tot die debat oor die volhoubaarheid en rol van geloofsgebaseerde hoër onderwysinstellings in ’n toenemend sekulêre wêreld.

### *1.2 Bydraende faktore tot die vorming van die Christelike identiteit van ’n hoëronderwysinstelling*

Die vyf hooffaktore wat Burtchaell deur sy navorsing as bydraende faktore tot die Christelike identiteit van hoëronderwysinstelling identifiseer, sluit onder andere in: die instelling se verhouding met ’n kerklike denominasie, die wyse waarop aanstellings geskied, die simboliek wat in die instelling ingebou is, die voorbeelde wat die instelling in die operasionele ontwikkeling van die instelling nastreef en die rol wat die teologiese fakulteit in die instelling speel.

Die belangrikste bydraende faktor wat volgens Burtchaell (1998:30) bepalend vir die identiteit van ’n Christelike hoëronderwysinstelling is, is die hoëronderwysinstelling se verhouding tot die kerklike denominasie waaruit dit ontstaan het. Burtchaell (1998:30) noem talle voorbeelde van Christelike instellings wat deur die loop van die geskiedenis hul Christelike identiteit verloor het. Die rede wat hy hiervoor aanvoer, is ’n kerklike denominasie

wat “nonchalant” oor hul roeping teen die Christelike instelling is. Volgens Burtchaell (1998:31) dink talle Christelike hoëronderwysinstellings dat hulle hul Christelike identiteit kan behou sodra hulle van hul kerklike denominasie wegbeweeg, maar volgens hom is dit ’n onbegonne taak. Hy noem ’n voorbeeld van ’n Christelike universiteit wat gesekulariseer het; hul raad het gevoel dat ’n te nou assosiasie met die kerklike denominasie die instelling as te fundamentalisties sou laat voorkom en nie as akademies-wetenskaplik georiënteerd nie (Burtchaell, 1998:32).

Vanuit Burtchaell se klem op die verhouding van ’n Christelike hoëronderwysinstelling se verhouding tot die kerklike denominasie is die logiese gevolg dat aanstellings by die Christelike hoëronderwysinstelling ook vanuit die kerklike denominasie behoort te geskied. Burtchaell (1998:130) verduidelik dat ’n Christelike universiteit nie Christelik kan bly sonder die “vital membership in an ecclesiastical fellowship” nie. Vanuit onderhoude wat Burtchaell (1998:134) by Christelike hoëronderwysinstellings gevoer het, is die volgende argument een van die argumente wat vir aanstellings buite die kerklike denominasie aangevoer word: Die instelling moenie teen mense diskrimineer op grond van hul geloof nie.

Burtchaell (1998:135) keur die argument ten sterkste af en kritiseer ook die instellings wat geloof slegs tot ’n persoonlike waarde beperk, wat geen effek op die praktiese funksionering van die instelling het nie. Burtchaell (1998:32) sê die volgende in die verband:

> Instead of their even being asked to defer to the college’s religious commitment, the college stands ready to defer to their many individual commitments or anti commitments, out of what it calls hospitality but what may more frankly be called a failure of nerve.

Tekens van die Christelike identiteit word vir Burtchaell (1998:46) sigbaar in die fisiese simboliek wat in die instelling vervat is. Hierdie simboliek behoort volgens hom ’n duidelike aanduiding te bied van die kerklike denominasie waaruit die instelling tot stand gekom het. Burtchaell (1998:32) verduidelik dat die wegdoen met simboliek, wat die Christelike instelling bind aan die kerklike denominasie waaruit die instelling ontstaan het, ’n duidelik teken is dat die instelling reeds van sy Christelike identiteit begin wegbeweeg. Hy verduidelik dat Christelike instellings hul klasse nie eers met gebed open nie of dat daar weinig min simboliese verskil tussen Christelike instellings in vergelyking met sekulêre instellings is (Burtchaell, 1998:236).

’n Volgende bydraende faktor tot die Christelike identiteit van die instelling is die operasionele doelstellings wat die Christelike universiteit vir homself stel. Kortom is daar by Burtchaell (1998:55) ’n groter fokus op religieuse

doelstellings as finansiële doelstellings. Burtchaell (1998:57) verduidelik dat die voorbeelde wat ŉ Christelike universiteit nastreef as belangrike aanduidings dien van die gesondheid van die instelling se Christelike identiteit. As die instelling se doelstellings dieselfde as ŉ sekulêre instelling s'n blyk, dan is die Christelike universiteit besig om sy Christelike identiteit prys te gee: "When government regulations appeared to require secularization as the condition of financial support, many Catholic institutions were prepared to conform" (Burtchaell, 1998:57). Verder wys hy op die gevaar van sekularisering wanneer waardes soos hoë akademiese standaarde, akademiese vryheid en die respek vir die individu nagestreef word, eerder as die nastrewing van gehoorsaamheid aan die kerklike denominasie waaruit die instelling ontstaan het (Burtchaell, 1998:136).

ŉ Laaste baie tasbare bydraende faktor tot die Christelike identiteit van instellings is die rol en posisie wat die teologiese fakulteit in die instelling inneem. Aangesien teologie vanuit Burtchaell se Rooms-Katolieke agtergrond die hart van die Christelike geloof saamvat en ontwikkel, behoort die teologiese fakulteit ŉ sentrale rol in die identiteit van die instelling te speel (Burtchaell, 1998:137).

Uit Burtchaell se analise blyk dit duidelik dat die Christelike identiteit van ŉ hoëronderwysinstelling afhanklik is van verskeie faktore, waarvan die verhouding met die stigtingsdenominasie, die aanstellingsbeleid, simboliek, institusionele doelwitte en die rol van die teologiese fakulteit die belangrikste is. Hy argumenteer dat wanneer ŉ instelling afstand doen van sy verbintenis met die kerk, sy aanstellingsbeleid op neutraliteit eerder as geloofsverbondenheid berus, Christelike simboliek vervang of verwaarloos word, en wanneer institusionele doelwitte en finansiële oorwegings belangriker as toegewydheid tot die identiteit van die instelling word, die universiteit onherroeplik op ŉ pad van sekularisering is.

Hierdie perspektief plaas ŉ sterk klem op die historiese verbintenis tussen Christelike hoëronderwysinstellings en kerklike denominasies, maar dit laat die vraag ontstaan of daar alternatiewe modelle is waardeur ŉ universiteit sy Christelike identiteit kan behou sonder ŉ direkte kerkverbintenis. Terwyl Burtchaell ŉ pessimistiese siening oor die volhoubaarheid van Christelike universiteite sonder ŉ aktiewe kerklike verhouding handhaaf, bied ander navorsers, soos Hughes en Adrian (1997), ŉ alternatiewe perspektief. Hulle fokus op hoe Christelike universiteite suksesvol ŉ geloofsgebaseerde akademiese model kan handhaaf deur strategiese bestuursbesluite en ŉ duidelike institusionele visie, selfs in ŉ sekulêre omgewing. Die volgende afdeling ondersoek hierdie alternatiewe modelle soos vervat in *Models*

*for Christian Higher Education: Strategies for Success in the Twenty-First Century* deur Hughes en Adrian (1997).

## 2. Richard Hughes en William Adrian: *Models for Christian higher education* (1997)

### *2.1 Agtergrond*

Richard Hughes en William Adrian se *Models for Christian Higher Education: Strategies for Success in the Twenty-First Century* (1997) bied ’n omvattende ontleding van Christelike hoër onderwys, met ’n spesifieke fokus op die Verenigde State, maar met relevante internasionale toepassings. Die boek ondersoek hoe verskillende kerklike tradisies – insluitend die Rooms-Katolieke, Lutherse, Reformatoriese, Mennonitiese, Evangeliese, Wesleyaanse en Baptiste – hul invloed op Christelike hoër onderwys uitgeoefen het en watter strategieë hul instellings volg om geloof en akademiese integriteit te versoen. Hierdie navorsing word gestruktureer deur sewe breë groepe, elk gefokus op ’n spesifieke kerklike tradisie, en sluit gevallestudies van hoëronderwysinstellings in wat hierdie tradisies verteenwoordig.

Voorbeelde van suksesvolle Christelike hoëronderwysinstellings sluit in Wheaton College en Calvin University, wat getuig van hoe instellings strategiese keuses maak om hul geloofsidentiteit te handhaaf terwyl hulle akademiese gehalte en institusionele relevansie verseker. Hughes en Adrian se studie bied ’n belangrike teenpunt tot James Burtchaell se ontleding van die sekularisering van hoër onderwys. Waar Burtchaell fokus op hoe instellings hul Christelike verbintenisse verloor, toon Hughes en Adrian aan hoe ander instellings hul geloofsgrondslag behou en versterk het te midde van ’n sekulariserende akademiese omgewing.

Die boek poog om twee belangrike vrae te beantwoord: Hoe kan Christelike hoëronderwysinstellings akademiese uitnemendheid bereik terwyl hulle getrou bly aan hul geloofsverbintenisse? En hoe kan akademiese programme van hoë gehalte steeds in lyn bly met die kerklike tradisies wat hierdie instellings gestig het? (Bourque, 1999:260). Deur hierdie vrae te ondersoek, bied Hughes en Adrian waardevolle insigte vir Christelike universiteite wêreldwyd, insluitend in Suid-Afrika en Europa, waar soortgelyke uitdagings rakende identiteit en akademiese integriteit ervaar word. Die boek dien dus as ’n belangrike hulpmiddel vir leiers in Christelike hoër onderwys, aangesien dit nie net strategiese riglyne verskaf nie, maar ook lesers uitnooi om oor die

missie en visie van hul instellings te besin en dit doelbewus in die praktyk toe te pas.

### *2.2 Bydraende faktore tot die vorming van die Christelike identiteit van 'n hoëronderwysinstelling*

Ses bydraende faktore tot die vorming van die Christelike identiteit van 'n hoëronderwysinstelling kom deurlopend in die navorsing van Hughes en Adrian na vore, naamlik leierskap, aanstellings, geloofsgebaseerde leer, die instelling se verhouding tot die kerklike tradisie, interne opleidingsprogramme en toelatingsvereistes vir studente.

Die leierskap van 'n hoëronderwysinstelling begin by die lede, die raad van trustees en die president/rektor. Volgens Hughes en Adrian (1997:3) is hierdie Christelike leierskap die mees fundamentele faktor in die behoud van die Christelike identiteit van die instelling. Leiers kan ook sleutelfigure in ander posisies aanstel wat die geloofstradisies ondersteun en sodoende die instelling se Christelike identiteit verder versterk. Hughes en Adrian (1997:453) lig in hierdie verband die volgende uit:

> In reviewing the histories of these fourteen institutions, one factor surfaces clearly: leadership. Starting with the board or trustees, whose most important function is to select a president, the leadership of an institution can make a major difference. Beyond the board, the president is the most important figure for maintaining a school's distinctive religious character. There is a common assumption that presidents have little influence on the schools they head, but that is not true in the case of the schools in this study. Because the schools are small compared to most universities, the influence of the president can be much more pervasive than in a larger school. In this book, one finds examples of presidents who almost singlehandedly exerted powerful influence on the direction of their institutions.

'n Volgende faktor wat nóú by leierskap aansluit, is die aanstelling van personeel. Onder hierdie faktor bespreek Hughes en Adrian (1997:453) onderwerpe soos die wyse waarop nuwe personeel vir die instelling gewerf asook opgelei word. Verder is die deeglikheid van die aanstellingsproses ook baie belangrik. Sommige instellings vereis dat nuwe personeel 'n geloofsverklaring onderteken wat aandui dat die persoon by die Christelike tradisie van die instelling inskakel. "The religious character of a school is ultimately played out through its people, and it is necessary to have faculty and staff who share and support the religious traditions" (Hughes & Adrian, 1997:454). Hughes en Adrian (1997:454) waarsku egter dat aanstellings vanuit 'n bepaalde kerkverband nie noodwendig die Christelike identiteit van die instelling gaan verseker nie.

Die volgende bydraende faktor wat hulle met betrekking tot die Christelike identiteit van ŉ instelling ondersoek, is die faktor van geloofsgebaseerde leer. Volgens Hughes en Adrian (1997:6) is geloofsgebaseerde leer egter nie vir alle instellings so ŉ belangrike onderskeidende Christelike eienskap nie. Met geloofsgebaseerde leer word verwys na die integrasie van geloof in die wetenskapsbeoefening, dit wil dus sê om ŉ bepaalde grondslag te ontwikkel waaruit wetenskapsontwikkeling plaasvind. Die Lutherse instellings sal byvoorbeeld eerder fokus op die dialektiek om die bevindinge vanuit die wetenskapsbeoefening met die geloof in gesprek te bring (Hughes & Adrian, 1997:6). Die rede hiervoor is omdat hulle ŉ tweekoninkryke-leer handhaaf waar die natuur (wat op wetenskapsbeoefening dui) en geloof geskei word. Reformatoriese instellings poog weer om hul inhoud rondom ŉ Christelike lewensvisie te bou: "By this, they mean that Christian scholars must place their scholarship squarely under the sovereignty of God and in the service of Christ and approach every discipline from a distinctly Christian perspective" (Hughes & Adrian, 1997:4). Hughes en Adrian (1997:4) verduidelik ook dat geloofsgebaseerde leer vir Reformatoriese instellings ŉ groter bydraende faktor tot die instelling se Christelike identiteit is, as wat dit byvoorbeeld vir Rooms-Katolieke en Lutherse instellings sal wees. Rooms-Katolieke en Lutherse instellings sal volgens Hughes en Adrian (1997:7) nie so sterk uitgesproke teen sekularisering in hoër onderwys as byvoorbeeld Reformatoriese instellings wees nie. ŉ Rede hiervoor is omdat hulle eerder die skeiding tussen die sekulêre elemente, dit wil sê die natuur en geloof, wil handhaaf.

Die instelling se verhouding tot die kerklike tradisie speel volgens Hughes en Adrian (1997:45) ŉ groot rol in die bepaling van die instelling se identiteit. Dit is juis omdat die kerklike tradisie die basis bied waarop die instelling verder sy identiteit ontwikkel. Hul projek het juis uitgewys dat daar geen generiese Christelike hoër onderwys is nie omdat die verskillende instellings aan die hand van verskillende kerklike tradisies binne verskillende omgewings en omstandighede ontwikkel het. Waar Burtchaell (1998:30) se studie op die Christelike instellings se wegbeweeg van die kerklike tradisie fokus, plaas Hughes en Adrian (1997:445) eerder die klem op die positiewe uitlewing van die kerklike tradisie by die instellings wat hulle ondersoek het. "The fourteen institutions in the study, representing at least seven different faith traditions, have a common, distinguishing characteristic: they take their faith traditions seriously and continue to seek ways to make those traditions viable on their campuses" (Hughes & Adrian, 1997:445).

Hughes en Adrian (1997:446) se waarneming is dat die kerklike tradisie waaruit die instellings ontwikkel het binne al die instellings aanvanklik ŉ groot

rol gespeel het. Soos wat die instellings egter gegroei het, het die kerklike tradisie al hoe minder ’n rol begin speel: “... typically, required religious observances are fewer in number and less intrusive in these institution ...” (Hughes & Adrian, 1997:446). Ten opsigte van die kerklike tradisie van die instelling lig hulle ’n belangrike aspek uit, wat ook deur ander akademici soos Hankins en Schmeltekopf (2007:15) uitgewys is. Dit behels dat nie alle hoëronderwysinstellings se kerklike verbinding goed was vir die instelling se Christelike identiteit nie. Hughes en Adrian (1997:442) lig in hierdie verband die volgende uit:

> Many assume that schools which have a critical mass of students and faculty from the supporting denomination will be insured of maintaining distinctive faith traditions, but because of the growing diversity and fragmentation within the churches, one must doubt the truth of this assumption.

Weens die sekularisering wat in die kerk plaasgevind het, het sommige Christelike hoëronderwysinstellings, soos Baylor University, doelbewus van die kerk wegbeweeg. Hulle het egter nie wegbeweeg van die kerklike tradisie waaruit die instelling ontstaan het nie (Hankins & Schmeltekopf, 2007:130).

’n Volgende belangrike faktor wat bydra tot die behoud van die Christelike identiteit van ’n instelling wat Hughes en Adrian (1997:445) identifiseer, is interne opleidingsprogramme. Die instellings wat hulle ondersoek het, plaas deur die bank baie klem op veral die opleiding van leierskap aangaande die Christelike tradisie van die instelling.

Die klem van die opleidingsprogramme se inhoud verskil. Die interne opleidingsprogramme in die verstaan en ontwikkeling van die tradisie bly egter ’n belangrike bydraende faktor ten einde die Christelike identiteit van die instelling te behou (Hughes & Adrian, 1997:447). Opleiding aan studente en dosente in die Christelike identiteit van die instelling sluit ook ’n fokus op die invloede van die tydsgees in en hoe die tydsgees moontlik die instelling kan beïnvloed (Hughes & Adrian, 1997:453).

Die laaste faktor wat onder andere tot die Christelike identiteit van ’n instelling bydra, is die kampuskultuur. Enige Christelike instelling se geloofstradisie het ook die een of ander uitwerking in die praktyk. Vir talle Christelike instellings is dit die simboliese uitdrukking van hul geloof in eredienste, gebede tydens klasse, Bybelstudies op kampus, sang en aanbiddingsgeleenthede of selfs standbeelde en monumente. Christelike kampusse is omgewings waar geleenthede vir Christelike groei geskep kan word (Hughes & Adrian, 1997:18). Die instellings wat hulle ondersoek het, het ook op uiteenlopende wyses van hierdie geleenthede gebruik gemaak. Die Mennonitiese instellings fokus byvoorbeeld baie meer op hoe die kampuslewe ingerig word sodat

ŉ Christelike lewenstyl deur en deur op kampus gevolg word (Hughes & Adrian, 1997:6). Hierteenoor plaas Rooms-Katolieke instellings baie sterker klem op die simboliese inkleur van die kampus juis omdat hul teologiese beskouing baie sterk sakramenteel is, wat ŉ sterk vorm van simboliek insluit (Hughes & Adrian, 1997:7).

Sommige akademici beskou die wyse waarop aanbiddingsgeleenthede op kampus vir studente en personeel ingerig word as ŉ belangrike maatstaf vir die gesonde toestand van die instelling se identiteit (sien Benne, 2001:49 onder punt 3.2). Hughes en Adrian (1997:451) plaas egter klem op die doel en omstandighede van die instelling. ŉ Instelling wat byvoorbeeld hulself as Christelik beskou, maar wat meer sendinggeoriënteerd is – dalk weens hul ligging in die wêreld – kan ŉ ander benadering tot die bywoning en inrig van eredienste op kampus volg. Juis omdat geloof nie ŉ saak is wat afgedwing kan word nie, sal sommige instellings meer na vrywillige bywoning as verpligte bywoning neig. Om dus die Christelike identiteit van die instelling bloot aan die verpligte bywoning van eredienste op kampus te bind, is vanuit Hughes en Adrian (1997:451) nie ŉ goeie maatstaf nie.

Hughes en Adrian (1997) se studie beklemtoon dat die Christelike identiteit van ŉ hoëronderwysinstelling afhanklik is van verskeie interafhanklike faktore, waaronder leierskap, aanstellings, geloofsgebaseerde leer, die instelling se verhouding tot sy kerklike tradisie, interne opleidingsprogramme en kampuskultuur. Hulle argumenteer dat sterk leierskap en doelbewuste aanstellingsprosesse noodsaaklik is om ŉ Christelike akademiese kultuur te skep en te handhaaf. Verder speel geloofsgebaseerde leer ŉ belangrike rol, veral in Reformatoriese instellings, waar die integrasie van akademiese dissiplines met ŉ Christelike wêreldbeskouing as ŉ kernwaarde beskou word. Hoewel die verband met die kerklike tradisie ŉ fundamentele vormingsfaktor bly, wys Hughes en Adrian uit dat sommige instellings – soos Baylor University – doelbewus afstand van institusionele kerklike beheer geneem het terwyl hulle steeds hul teologiese wortels behou.

Nog ŉ belangrike strategie wat bydra tot die behoud van ŉ Christelike identiteit is interne opleidingsprogramme wat nie net akademiese personeel en studente in die geloofstradisie van die instelling vestig nie, maar ook voorberei op die invloed van sekulêre denkwyses op Christelike hoër onderwys. Uiteindelik word die praktiese uitlewing van die Christelike identiteit in die kampuskultuur weerspieël – hetsy deur die simboliek van die kampus, geloofsgebaseerde aktiwiteite of die algemene akademiese en sosiale atmosfeer. Hughes en Adrian se studie bied dus ŉ gebalanseerde perspektief wat toon dat Christelike instellings verskillende strategieë

gebruik om hul identiteit te behou, eerder as ’n eenvormige model van geloofsintegrasie te volg.

Terwyl Hughes en Adrian se navorsing sterk klem lê op die strukturele en institusionele aspekte van geloofshandhawing, ondersoek Robert Benne (2001) hoe spesifieke universiteite suksesvol hul Christelike tradisies behou het. Die volgende afdeling fokus op sy boek *Quality with Soul: How Six Premier Colleges and Universities Keep Faith with Their Religious Traditions*, waarin hy ses hoëronderwysinstellings bestudeer wat daarin geslaag het om hul Christelike identiteit suksesvol te handhaaf.

## 3. Robert Benne: *Quality with soul: How six premier colleges and universities keep faith with their religious traditions* (2001)

### *3.1 Agtergrond*

Robert Benne se *Quality with Soul: How Six Premier Colleges and Universities Keep Faith with Their Religious Traditions* (2001) ondersoek die uitdagings en strategieë van Christelike hoëronderwysinstellings wat poog om hul geloofstradisie te handhaaf te midde van sekulariserende druk. Deur ’n gedetailleerde ontleding van ses vooraanstaande universiteite in die Verenigde State, waaronder Valparaiso University, Baylor University en Gordon College, toon Benne aan hoe hierdie instellings nie net hul oorspronklike Christelike identiteit behou het nie, maar ook aktiewe stappe geneem het om geloofsintegrasie binne hul akademiese programme, kampuskultuur en institusionele bestuur te versterk.

Die boek bied ’n kritiese blik op die probleme wat Christelike universiteite in hierdie proses ervaar en bespreek strategieë om hierdie uitdagings die hoof te bied. Volgens Benne (2001) vereis die behoud van ’n Christelike identiteit ’n doelbewuste verbintenis tot geloofsgebaseerde onderrig, ’n duidelike institusionele missie en leierskap wat hierdie visie aktief bevorder (Schroeder, 2002:2). Hierdie insigte is nie net van toepassing op die Amerikaanse konteks nie, maar bied ook waardevolle riglyne vir Christelike hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika en Europa, waar soortgelyke spanning tussen akademiese uitnemendheid en getrouheid aan die geloofstradisie ervaar word. Die boek dien dus as ’n belangrike hulpmiddel vir instellings wat opnuut wil reflekteer oor hoe hulle hul Christelike roeping in ’n moderne akademiese omgewing kan uitleef sonder om institusionele relevansie of akademiese gehalte in te boet.

### *3.2 Bydraende faktore tot die vorming van die Christelike identiteit van ’n hoëronderwysinstelling*

Benne (2001:49) bied ’n meetinstrument wat talle Christelike hoëronderwysinstellings in die Verenigde State van Amerika ter bepaling van die Christelike identiteit van die instelling gebruik. Die grootste bydraende faktor tot die vorming van die Christelike identiteit van ’n hoëronderwysinstelling is die instelling se verhouding tot die kerklike tradisie waaruit die instelling ontstaan het. Benne (2001:49) identifiseer vier verskillende groepe Christelike hoëronderwysinstellings. Hy kategoriseer die instellings na gelang van die intensiteit van hul verhouding met die kerklike tradisie waarbinne hulle ontstaan het. Die vier kategorieë is: ortodoks, kritieke massa, intensioneel-pluralisties en toevallig-pluralisties. Benne (2001:49) plaas die vierdeling op ’n spektrum waar ortodokse instellings as instellings beskou word wat die nouste verhouding met hul kerklike tradisie handhaaf. Instellings wat onder toevallig-pluralisties val, word beskou as instellings wat die kleinste of byna geen verhouding met hul kerklike tradisies handhaaf nie. Benne se beskrywing van elke groep kan soos volg opgesom word:

- Ortodokse instellings wil verseker dat die personeel van die instelling die Christelike lewensvisie op alle relevante lewensterreine uitleef en dat die personeel ook ’n bepaalde geloofsbelydenis of geloofsdokument onderteken. Dieselfde eise kan ook aan studente gestel word of net aan ’n kerngroepstudente (Benne, 2001:50).
- Kritieke massa-instellings fokus óf daarop dat persentasies van die personeelkorps en studente van die instelling se kerklike tradisie moet wees, óf hulle fokus daarop dat die meerderheid wat kernposisies in die bestuur beklee van dieselfde kerklike tradisie as die instelling moet wees. Hoewel hulle nie die ondertekening van hul Christelike identiteit voorskryf nie, beklemtoon hulle die belangrikheid van ’n “kritieke massa” wat die identiteit van die instelling moet handhaaf (Benne, 2001:50).
- Intensioneel-pluralistiese instellings plaas doelbewus lede van hul ondersteunende kerklike tradisie in sleutelposisies, byvoorbeeld die president of rektor van die instelling. Die doel is dan om die bepaalde kerklike tradisie se behoud in die instelling op hierdie wyse te verseker. Die woord “intensioneel” dui op die intensionele plasing van sleutelfigure in kernposisies binne die instelling, met die doel om die identiteit te handhaaf (Benne, 2001:51).
- Toevallig-pluralistiese instellings gebruik nie doelgerigte strategieë om die identiteit van die instelling te beskerm nie en laat die identiteit van die instelling as ’t ware aan toeval oor. Hierdie instellings is dus histories

Christelik omdat hulle byvoorbeeld vanuit ’n teologiese skool of die een of ander Christelike sendinginisiatief ontwikkel het. Sleutelaspekte van die instelling weerspieël egter nie noodwendig die Christelike tradisie of visie van die instelling nie (Benne, 2001:52).

Volgens Benne (2001:51) kan ’n groot onderskeid tussen die eerste twee groepe (ortodoks en kritieke massa) en die laaste twee groepe (intensioneel-pluralisties en toevallig-pluralisties) getref word. Die eerste twee groepe stel die betrokke Christelike hoëronderwysinstelling se visie, missie en etos as die raamwerk vir die hele wyse waarop die instelling ingerig word.

Die tweede groep (intensioneel- en toevallig-pluralisties) is instellings wat volgens pluralistiese lewensvisies funksioneer. Hier vervang sekulêre of pragmatiese lewensvisies die Christelike lewensvisie, en die Christelike identiteit is een lewensvisie onder baie ander lewensvisies.

Die vierdeling van Benne fokus hoofsaaklik op die personeel- en studenteprofiele van die Christelike instellings, asook op wat die verhouding van die personeel en studente tot die kerklike tradisie van die instelling is. Agt bydraende faktore tot die vorming van die Christelike identiteit van ’n hoëronderwysinstelling kan vanuit Benne (2001:50-65) se bogenoemde vierdelingsraamwerk uitgelig word, naamlik:

- Die kerklike tradisie: Dit verwys na die vorm van die verhouding waarin die instelling met sy kerklike tradisie staan. Ontvang die instelling byvoorbeeld finansiële ondersteuning van die kerklike gemeenskap, of is daar die een of ander formele kontraktuele verhouding tussen die instelling en ’n kerklike gemeenskap? Op watter wyse staan die korporatiewe beheer onder ’n kerklike gesag? Is die instelling byvoorbeeld verplig om iemand vanaf ’n bepaalde kerklike gemeenskap te hê wat in die bestuur van die instelling dien?
- Die visie van die instelling: Dit wys op die plek wat die Christelike visie in die instelling inneem. Word die Christelike visie byvoorbeeld strategies in die instelling se strukture ingewerk?
- Publieke retoriek: Dit verwys na die instelling se openbare retoriek en watter Christelike elemente in die retoriek ingesluit word. Dit sluit byvoorbeeld die wyse in waarop die instelling hulself bemark.
- Aanstellings: Dit wys op die vereistes wat by personeelaanstelling ten opsigte van hul Christelike belydenis geld.
- Toelatingsvereistes vir studente: Dit is die vereistes wat vir studente geld om tot die instelling toegelaat te word.

- Teologiese fakulteit: Die verwys na die grootte van die instelling se teologiese fakulteit en die invloed wat die teologiese fakulteit op die instelling het.
- Geloofsgebaseerde leer: Dit wys op die omvang van doelgerigte Christelike kursusse, byvoorbeeld die onderrig van ’n Christelike lewensvisie of Bybelkunde en hoe dit in die instelling inpas.
- Godsdienstige simboliek: Dit wys op doelbewuste geleenthede waarin die kerklike tradisie van die instelling tot uitdrukking kom. Dit kan sigbare rituele, godsdienstige simbole, viering van feesdae of ander vorme van godsdienstige waarneming insluit wat uitdruklik deur die instelling beoefen en beklemtoon word. Dit is ook belangrik om hier te vra of daar verpligte of gereelde aanbiddingsgeleenthede is.

Benne (2001) ontwikkel ’n raamwerk vir die klassifikasie van Christelike hoëronderwysinstellings op grond van hul verhouding met hul stigtingsdenominasie en die mate waartoe hulle hul Christelike identiteit handhaaf. Sy vierdelingsmodel onderskei tussen ortodokse instellings, wat sterk aan hul geloofsidentiteit vashou, en toevallig-pluralistiese instellings, wat grotendeels gesekulariseer het, met twee intermediêre kategorieë tussenin. Benewens hierdie kategorisering, identifiseer Benne agt sleutelfaktore wat bydra tot die behoud van ’n Christelike identiteit, waaronder die instelling se verhouding tot sy kerklike tradisie, geloofsgebaseerde leer, openbare retoriek en die rol van ’n teologiese fakulteit. Hierdie faktore dien as maatstawwe waardeur instellings hul geloofsgetrouheid kan evalueer en strategieë kan ontwikkel om hul Christelike identiteit te versterk.

Terwyl Benne se raamwerk ’n Amerikaanse perspektief bied op hoe Christelike universiteite hul geloofsintegriteit kan handhaaf, bied Hendrik van Riessen (1997) ’n Reformatoriese perspektief op die fundamentele rol en basis van die universiteit. Sy denke, gewortel in die Reformatoriese tradisie van die Vrije Universiteit Amsterdam, plaas ’n sterk klem op die universiteit as ’n selfstandige instelling binne ’n Christelike wêreldbeskouing. Die volgende afdeling ondersoek hoe Van Riessen se filosofiese raamwerk bydra tot die begrip van Christelike hoër onderwys en hoe dit vergelyk met die Amerikaanse modelle wat deur Benne, Hughes en Adrian bespreek is.

# 4. Hendrik van Riessen: *The university and its basis* (1997)

## *4.1 Agtergrond*

Hendrik Van Riessen se *The University and Its Basis* (1997) bied ŉ diepgaande ondersoek na die identiteit en funksie van ŉ universiteit vanuit ŉ Reformatoriese perspektief. As ŉ Calvinistiese denker, beïnvloed deur Abraham Kuyper, Herman Dooyeweerd en D.H.Th. Vollenhoven, het Van Riessen ŉ belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van Christelike hoër onderwys in Europa. Hy was verbonde aan verskeie universiteite en het uiteindelik by die Vrije Universiteit Amsterdam ŉ sentrale rol vervul, waar hy ŉ Christelik-Reformatoriese benadering tot wetenskapsbeoefening binne die veld van tegnologie en samelewingsleer ontwikkel het.

Sy werk bied ŉ Europese perspektief op die verhouding tussen geloof en wetenskap, wat dit moontlik maak om verskille tussen Europese en Amerikaanse modelle van Christelike universiteite te analiseer. In teenstelling met die Rooms-Katolieke benadering wat deur Burtchaell bespreek is, beskou Van Riessen die universiteit nie as ŉ instelling onder die gesag van die kerk nie, maar as ŉ selfstandige entiteit wat wel ŉ gedeelde geloofstradisie met die kerk handhaaf. Sy denkraamwerk rus op Kuyper se konsep van soewereiniteit in eie kringe, waardeur hy die universiteit as ŉ instelling met ŉ eie, outonome rol in die samelewing sien, eerder as ŉ uitbreiding van kerklike gesag.

Hierdie perspektief is veral relevant vir Suid-Afrikaanse Christelike hoëronderwysinstellings, aangesien dit insig bied in hoe akademiese instellings hul geloofsidentiteit kan handhaaf terwyl hulle akademiese outonomiteit en institusionele relevantheid verseker. Van Riessen se raamwerk dien dus as ŉ belangrike basis vir die evaluering van hoe Suid-Afrikaanse universiteite en kolleges by internasionale modelle van Christelike hoër onderwys kan aansluit, terwyl hulle steeds hul eie doelstellings nastreef.

## *4.2 Bydraende faktore tot die vorming van die Christelike identiteit van ’n hoëronderwysinstelling*

As Reformatoriese denker lig Van Riessen ses kern-bydraende faktore tot die vorming van die Christelike identiteit van ŉ hoëronderwysinstelling uit. Hierdie faktore sluit onder andere die volgende in: die vryheid van die universiteit as ŉ selfstandige instelling, die sentrale posisie van God se Woord in die ontwikkeling van vakwetenskappe, die belangrikheid van aanstellings, die geloofsverklaring as grondslag vir aanstelling en

hiermee saam kurrikulumontwikkeling, die antitetiese identiteit, asook die studentgesentreerdheid van die instelling. Vanuit Van Riessen se werk raak dit duidelik dat hierdie faktore nie noodwendig ’n rangorde in terme van belangrikheid vorm nie, maar dat daar ’n duidelike verband tussen die verskillende faktore is.

Met die stigting van die Vrije Universiteit van Amsterdam was die unieke skuif wat iemand soos Abraham Kuyper veral bevorder het die gedagte van die reformasie van die wetenskappe. Reformasie moes dus nie net by teologie gebly het nie, maar elke vakwetenskap moes vanuit ’n Christelike oogpunt ondersoek word (Van Riessen, 1997:41). Verder was die hele gedagte van die *Vrije* universiteit die belangrikheid van vryheid; dus was die gedagte dat die Christelike hoëronderwysinstelling nie onder die gesag van die staat of die kerk moet staan nie. Christelike hoëronderwysinstellings moes dus ’n vrye assosiasie van eensgesindes wees, wat studente vanuit dieselfde basis wou oplei (Van Riessen, 1997:44).

Vanuit die Reformatoriese tradisie neem die uitdrukking *Sola Scriptura* (die Woord van God alleen) ’n belangrike plek in die geheel van die samelewing in. ’n Christelike hoëronderwysinstelling, aldus Van Riessen (1997:34), moet nie slegs in hul beoefening van teologie God se Woord bestudeer nie, maar ook in al die vakwetenskappe. Van Riessen (1997:37) toon aan hoe die liberale gees histories ’n groot inpak op die Reformatoriese hoëronderwysinstellings gehad het. Hy voer drie redes aan waarom hierdie invloed so groot was, naamlik:

1. Die Reformatoriesgesinde persone het nie die noodsaak vir ’n Reformatories-Christelike wetenskapsbeskouing verstaan nie.
2. Die Reformatoriese hoëronderwysinstellings het ’n groot nasionalistiese fokus gehad, eerder as ’n Christelike fokus. Dit het tot gevolg gehad dat iemand wat van die regte nasionale kultuur was eerder aangestel is, maar dat sodanige persone nie noodwendig ’n Christelike ideaal nagestreef het nie.
3. Die regeringsliggame het nie regmatige individualiteit (soewereiniteit in eie kring) van die universiteit gerespekteer nie en het sodoende hul grense oorskry en die Christelike hoëronderwysinstellings onderdruk.

Aanstellings binne die Christelike hoëronderwysinstellings speel vir Van Riessen (1997:64) ’n belangrike rol. Personeel wat nie toegewyd is aan die geloofsoortuigings wat in die geloofsverklarings van die Christelike hoëronderwysinstelling vervat is nie, sal ook nie die visie van die universiteit kan uitbou nie. “The university should be staffed with men and women who are

driven by their covenantal communion with God in Christ to form a learning community of faith at the university" (Van Riessen, 1997:64). As voorbeelde van hierdie geloofsverklarings wat Christelike hoëronderwysinstelling onderskryf, verwys Van Riessen (1997:59) na The Association for Christian Higher Education in Australia (ACHEA) se *Statement of Christian belief and principles concerning science and scholarship*. Hierdie tipe geloofsverklarings bied dan 'n grondslag vir Reformatoriese hoëronderwysinstellings vir aanstellings, maar ook vir kurrikulumontwikkeling.

Van Riessen (1997:65)verduidelik dat 'n Christelike hoëronderwysinstelling in duidelike antitese met sekulêre hoëronderwysinstellings behoort te staan weens die feit dat hulle vanuit verskillende grondslae ontwikkel het. Indien hierdie antitese nie duidelik in dokumente asook die praktyk na vore tree nie, dan is die hoëronderwysinstelling logies besig om te sekulariseer (Van Riessen, 1997:65). Saam met hierdie antitese behoort die Christelike hoëronderwysinstelling se meetinstrument vir sukses ook nie dieselfde as die sekulêre hoëronderwysinstellings te wees nie. Die sukses van die Christelike hoëronderwysinstelling behoort gemeet te word aan die hoëronderwysinstelling se gehoorsaamheid aan God (Van Riessen, 1997:71).

'n Verdere bydraende faktor tot Christelike identiteit van die hoëronderwysinstelling wat Van Riessen (1997:4) uitlig, is die hoëronderwysinstelling se fokus op die student. Die Christelike hoëronderwysinstelling moet gefokus wees op die studente en nie slegs op navorsing nie; dan is die hoëronderwysinstelling eerder 'n navorsingsinstituut as 'n hoëronderwysinstelling. 'n Belangrike faktor wat tot die Christelike identiteit van die hoëronderwysinstelling bydra, is die unieke fokus wat daar in die instelling op die vorming van die student as Christenwetenskaplike geplaas word. Daar behoort dus volgens Van Riessen (1997:4) binne die Christelike hoëronderwysinstelling 'n sterk sin van studentgesentreerdheid te wees.

Van Riessen (1997) identifiseer ses kernfaktore wat bydra tot die vorming van die Christelike identiteit van 'n hoëronderwysinstelling, naamlik die universiteit se selfstandigheid, die sentrale rol van God se Woord in vakwetenskappe, doelgerigte aanstellingsbeleid, geloofsverklarings as grondslag vir kurrikulumontwikkeling, die antitetiese identiteit van die instelling, en 'n sterk fokus op studentgesentreerdheid. Hy beklemtoon dat 'n Christelike hoëronderwysinstelling nie onder die gesag van die kerk of staat moet val nie, maar as 'n selfstandige geloofsgemeenskap funksioneer. Die beginsel van *Sola Scriptura* behoort die akademiese

benadering van elke vakgebied te rig, en personeel moet toegewyd wees aan ŉ Christelike wêreldbeskouing om die instelling se visie te ondersteun. Voorts argumenteer hy dat Christelike instellings ŉ duidelike teenstelling met sekulêre universiteite moet handhaaf en dat hulle sukses gemeet moet word aan gehoorsaamheid aan God eerder as akademiese ranglyste. ŉ Sterk studentgefokusde benadering is noodsaaklik, aangesien die vorming van die student as Christenwetenskaplike ŉ kernrol in die universiteit se missie moet speel. Hierdie perspektiewe bied ŉ Reformatoriese raamwerk vir die evaluering van Christelike hoëronderwysinstellings, wat in die volgende afdeling verder beoordeel sal word.

## 5. Beoordeling van die bydraende faktore tot die vorming van die Christelike identiteit van ŉ hoëronderwysinstelling vanuit ŉ Reformatoriese perspektief

As Reformatoriese denker bied Van Riessen se bydraende faktore tot die vorming van die Christelike identiteit van ŉ hoëronderwysinstelling die rigtinggewende raamwerk vir hierdie artikel. Die enigste bydraende faktor wat by al die studies groot aandag geniet, is die belangrikheid van aanstellings en veral die leiers wat binne die instelling aangestel word. Instellings kan ŉ baie sinvolle visie en missie hê, maar as daar nie personeel binne die instelling is wat doelgerig die missie en visie uitvoer en dit in die praktyk waarmaak nie, dan beteken die visie en missie nie veel nie.

Al die studies wat behandel is, is dit eens dat ŉ Christelike hoëronderwys-instelling wat nie voldoende aandag skenk aan die wyse waarop personeel aangestel word nie, nie lank hul Christelike identiteit kan behou nie. Aangesien daar egter ŉ insluit- en ŉ uitsluitbeginsel by aanstellings is, verskil die studies oor wat die kriteria vir die insluit en die uitsluit van personeel by aanstellings behoort te wees. Wat wel duidelik is, is dat ŉ Christelike instelling wat nie aandag aan die insluit- en uitsluitbeginsel skenk nie, oor verloop van tyd noodwendig hul unieke identiteit sal verloor.

Die insluit- en die uitsluitbeginsel by aanstellings word grootliks bepaal deur die instelling se samelewingsbeskouing. Van Riessen en Burtchaell het duidelik uiteenlopende samelewingsbeskouinge. Vir Burtchaell, as Rooms-Katoliek, is die kerk as instelling die hoogste gesag. Juis om hierdie rede is die rigtinggewende faktor vir die bepaling van die Christelike identiteit van die hoëronderwysinstelling die verhouding tot die kerk as instelling. Hierteenoor

beskou Van Riessen weer vanuit sy Reformatoriese samelewingsbeskouing die hoëronderwysinstelling as ŉ selfstandige instelling wat soewerein in sy eie kring is en nie onderworpe aan die kerk of staat as instelling is nie. Van Riessen voer dus nie die hoëronderwysinstelling terug na sy kerklike instelling nie, maar eerder na sy geloofstradisie. Die verhouding tussen die samelewingsverbande behoort egter ook gehandhaaf te word. In die geval van die hoëronderwysinstelling se verhouding tot die kerk behoort die verhouding tussen die twee selfstandige instellings ook gestalte in die een of ander formele verhouding te vind. Vanuit die Reformatoriese samelewingsleerbeginsel behoort soewereiniteit in eie kring nie net die onderskeie belange van die instellings te beklemtoon nie, maar die samehang tussen die instellings behoort ook aandag te geniet.

Vanuit die Reformatoriese samelewingsbeskouing is Van Riessen, in die studies wat nagegaan is, die enigste denker wat werklik klem op die belangrikheid van die unieke geloofsverklaring van die hoëronderwysinstelling plaas. Hierdie geloofsverklaring, wat vanuit die geloofstradisie van die instelling ontwikkel word, dien as grondslag vir die aanstellings, asook kurrikulumontwikkeling in die instelling. Hierdie geloofsverklaring moet dan nie met ŉ kerklike geloofsbelydenis verwar word nie – dit is eerder ŉ geloofsverklaring wat eie aan die geloofstradisie van hoëronderwysinstellings is. Die kerklike geloofsbelydenis behoort dus duidelike ooreenstemming met die hoëronderwysinstelling se geloofsverklaring te toon. Hier kan daar na die Heidelbergse Kategismus (Sondag 38) verwys word: "God wil ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word." Op dieselfde wyse, soos in Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus vermeld, behoort daar in die hoëronderwysinstelling se geloofsverklaring van die instellings se kerklike gebondenheid melding gemaak word.

ŉ Ooglopende verskil tussen die verskillende Christelike instellings wat Hughes en Adrian uitlig, is die instellings se wetenskapsbeskouing. In lyn met Van Riessen se beskouing toon Hughes en Adrian aan dat Reformatoriese hoëronderwysinstellings klem op ŉ Christelike wetenskapsbeskouing plaas, waar die Christelike lewensvisie ŉ rigtinggewende invloed op die kurrikuluminhoud in alle vakwetenskappe het. Vir Van Riessen is juis hierdie gedagte ŉ teenvoeter vir die sekularisering van Christelike instellings. Hughes en Adrian toon aan dat ŉ Christelike wetenskapsbeskouing ŉ vreemde gedagte is vir instellings wat vanuit ŉ Rooms-Katolieke en Lutherse agtergrond ontwikkel het. Juis omdat hierdie instellings se wetenskapsbeskouing vanuit die genade-natuur-grondmotief ontwikkel het, moet die geloofsaspek nie by die natuur ingebring word nie. Om hierdie rede is dit ook nie noodsaaklik dat

vakwetenskappe vanuit ’n uniek-Christelike benadering ontwikkel hoef te word nie. Geloof hoort volgens hierdie benadering tuis by die “koningin-wetenskap”, naamlik teologie. Dit is ook die rede waarom Burtchaell die rol van die teologiese fakulteit as behoud van die Christelike identiteit beklemtoon. Vir Van Riessen sal ’n hoëronderwysinstelling byvoorbeeld Christelik sonder ’n teologiese fakulteit kan wees.

’n Faktor wat in al die studies as logiese uitvloeisels van instellings se identiteite geïdentifiseer is, is die publieke retoriek van die instelling. Dit word uitgedra deur middel van simboliek, bemarking, publieke verklarings, beleidsdokumente en godsdienstige gebruike soos gesamentlike aanbidding. Van Riessen plaas hierdie faktor onder die noodwendige antitese van die Christelike instelling. By hierdie faktor word die unieke aard van die Christelike instelling beklemtoon, ook in die wyse waarop operasionele sake aangepak word. Die wyse waarop Christelike instellings bepaal wat sukses is, behoort (volgens al die bogenoemde studies) die uitbouing van unieke Christelike identiteit van die instelling in te sluit. In hierdie uitbouing van die identiteit van die instelling speel personeelontwikkeling ’n kernrol.

Al die studies werp lig op die faktor van studentetoelatings en die invloed wat studente moontlik op die identiteit van die instelling kan uitoefen. Van Riessen bied egter ’n klemverskuiwing. Hy beklemtoon die unieke ingesteldheid wat ’n Christelike instelling behoort te hê teenoor die studente wat by hulle ingeskryf is. Hoewel die vorming van die student nie slegs uniek tot Van Riessen se bydraende faktore is nie, is die beklemtoning van studentgesentreerdheid baie sterker by hom as by die res.

## Gevolgtrekking

Hierdie studie het ses hoof-faktore geïdentifiseer wat ’n bepalende rol speel in die vorming van die Christelike identiteit van ’n hoëronderwysinstelling. Eerstens speel die wyse waarop personeel en leierskap aangestel word ’n deurslaggewende rol, aangesien dit bepaal watter individue die identiteit en missie van die instelling beliggaam en uitdra. Tweedens is die gesagstrukture waarbinne die instelling verantwoording moet doen ’n belangrike faktor, aangesien dit rigting gee aan institusionele besluite en beleidsontwikkeling. Die derde faktor is die rol van basisdokumente, soos geloofsverklarings, wat die Christelike uitgangspunte van die instelling verwoord en die raamwerk bied waarbinne akademiese en institusionele aktiwiteite plaasvind.

ʼn Vierde aspek wat ʼn invloed uitoefen, is die wetenskapsbeskouing wat die instelling handhaaf en hoe dit met die geloofsverklaring in verband staan. Hierdie verhouding beïnvloed akademiese benaderings en die manier waarop verskillende dissiplines beoefen word. Verder kom die instelling se identiteit na vore deur sy publieke retoriek en simboliek, wat ʼn vyfde bepalende faktor vorm. Die wyse waarop ʼn instelling sy Christelike karakter kommunikeer – hetsy deur sy amptelike kommunikasie, argitektuur of visuele simbole – dra by tot die sigbaarheid en erkenning van sy identiteit. Laastens speel toelatingsbeleide en studentgesentreerdheid ʼn kritieke rol in die instelling se identiteit, aangesien dit bepaal watter studente deel word van die akademiese gemeenskap en hoe hulle ervaar dat die Christelike identiteit van die instelling in praktyk gebring word.

Vir die identifisering van hierdie ses faktore is ʼn kwalitatiewe navorsingsontwerp gevolg. Data is ingesamel deur kernwerke – wat oor die behoud van Christelike identiteit binne Christelike hoëronderwysinstellings handel – tematies te analiseer. Vanuit die analise van die faktore wat bespreek is, het die volgende duidelik geblyk: Die navorsers van elke kernwerk het ʼn onderliggende lewens- en wêreldbeskouing, wat ʼn rigtinggewende invloed het op die faktore wat by elkeen geïdentifiseer is. Hoewel daar duidelike ooreenstemming tussen die verskillende werke is, is daar wel ook belangrike klemverskille.

Van Riessen se Reformatoriese perspektief bied die raamwerk vir die vorming van die Christelike identiteit van hoëronderwysinstellings vir hierdie artikel. Hy beklemtoon die belangrikheid van aanstellings, veral leierskap, om die instelling se missie en visie uit te voer. ʼn Christelike instelling wat nie die aanstelling van personeel streng beheer nie, verloor noodwendig – volgens al die studies wat bestudeer is – sy unieke identiteit oor tyd. Van Riessen en Burtchaell het uiteenlopende samelewingsbeskouinge: Burtchaell, as ʼn Rooms-Katoliek, sien die kerk as die hoogste gesag, terwyl Van Riessen die hoëronderwysinstelling as onafhanklik van kerk en staat beskou, maar steeds in verhouding tot ander samelewingsverbande.

Van Riessen beklemtoon die belangrikheid van ʼn unieke geloofsverklaring wat die basis vir aanstellings en kurrikulumontwikkeling vorm. Hierdie verklaring moet ooreenstem met kerklike geloofsbelydenisse, maar moet ook spesifiek vir die hoëronderwysinstelling wees. Die Reformatoriese perspektief plaas klem op ʼn Christelike wetenskapsbeskouing wat alle vakwetenskappe beïnvloed, in teenstelling met Rooms-Katolieke en Lutherse instellings waar geloof en natuur geskei word.

Publieke retoriek – insluitend simboliek, bemarking en godsdienstige praktyke – is noodsaaklik om die Christelike identiteit uit te bou. Die unieke aard van die Christelike instelling moet in operasionele praktyke weerspieël word. Ten slotte, hoewel alle studies studentetoelatings as ’n faktor beskou, beklemtoon Van Riessen die unieke benadering van Christelike instellings teenoor studente. Hier is daar ’n sterk fokus op studentgesentreerdheid.

## Bibliografie

ARTHUR, J. 2008. Faith and secularisation in religious colleges and universities. *Journal of beliefs & values*, 29(2):197-202.

BENNE, R. 2001. *Quality with soul: How six premier colleges and universities keep faith with their religious traditions*. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.

BOURQUE, T. 1999. Book review. Models for Christian higher education: Strategies for success in the twenty-first century. 1997. Edited by Richard T. Hughes and William B. Adrian. W/M. B. Eerdmans Publishing Co. *Catholic education*:260-263.

BURTCHAELL, J. 1998. *The dying of the light: The disengagement of colleges and universities from their Christian churches*. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.

DIEDERICKS, M. & WOLHUTER, C. 2024. Christelike hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika: ’n Dokumentanalise. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*| *Journal for Christian Scholarship*, 60(3&4), pp.177-200.

GLANZER, P.L. 2017. Growing on the margins: Global Christian higher education. *International higher education*, (88):23-25.

GLANZER, P.L., CARPENTER, J.A. & LANTINGA, N. 2011. Looking for God in the university: Examining trends in Christian higher education. *Higher education*, 61(6):721-755.

HANKINS, B. & SCHMELTEKOPF, D.D. 2007. *The Baylor Project: Taking Christian higher education to the next level*. South Bend: St. Augustine’s Press.

HEIDELBERGSE KATEGISMUS. 1936. *In Die Psalmboek.* Die berymde Psalms en Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom: Bybel Media.

HUGHES, R.T. & ADRIAN, W.B., Eds. 1997. *Models for Christian higher education: Strategies for survival and success in the twenty-first century*. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.

JORDAHL, L.D. 1998. Review of Burtchaell, J.T. 1998. The dying of the light: The disengagement of colleges and universities from their Christian churches. Grand Rapids: W.B. Eerdmans Publishing Company. *Pro ecclesia*, IX(2):248-250.

KARLSOHN, T. 2017. The idea of the university and the process of secularisation. *Parse journal*, 6:36-50.

LONGMAN, K.A. & NEWTON, J.C. 2022. *Faithful learning: Christian higher education in a changing world*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

MAREE, K. 2022. *First steps in research 3*. 3rd edn. Pretoria: Van Schaik.

MARSDEN, G.M. 1994. *The soul of the American university: From Protestant establishment to established nonbelief*. New York: Oxford University Press.

MARSDEN, G.M. 2021. *The twilight of the American enlightenment: The 21st-century struggle for faith and reason*. New York: Basic Books.

SCHROEDER, J. 2002. Robert Benne: Quality with soul: How six premier colleges and universities keep faith with their religious traditions. *Intersections*, 2002(13):9.

SCHMALZBAUER, J. & MAHONEY, K. 2018. *The resilient university: How religious colleges and universities survived the Great Recession*. New York: Oxford University Press.

SMITH, D.I. & LANTINGA, N. 2020. *Christian higher education:* An overview and analysis. Grand Rapids, MI: Baker Academic.

VAN DER WALT, B.J. 2013. How not to internationalize – and perhaps secularize – Christian higher education. (In: *Conference for Internationalizing Christian Higher Education.* Grand Rapids: Calvin College. pp. 1-23.)

VAN RIESSEN, H. 1997. *The university and its basis: Studies in Christian higher Education,* No. 1. Wantirna: The ACHEA Press.

WOLHUTER, C.C. & DIEDERICKS, M. 2024. ’n Kritiese beskouing van die plek van Christelike hoër onderwys in hoër onderwysstelsels. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap/Journal for Christian Scholarship,* 60(3&4), pp.23-45.